

Lekkerbekkie Nuusbrief

9 JULIE 2014 | UITGAWE 64



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Die hasie in die lugballon
- * Produk van die week
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die hasie in die lugballon deur Anna Emm

Op 'n mooi dag tel 'n hasie 'n groot stuk seil in die veld op. "Ek gaan vir my 'n lugballon maak van hierdie seil!" roep hy opgewonde uit. "Een met 'n mandjie en 'n propeller! En dan gaan ek daarin klim en om die wêreld reis."

Dit is toe presies net wat hy doen! Hy werskaf en woel die hele dag lank, en uiteindelik is die lugballon klaar. Dis baie mooi, maar dit staan so 'n bietjie skeef na die een kant toe... Vinnig klim die hasie in die lugballon, skakel die propeller aan, en daar styg dit stadig in die lug in op. Die lugballon lê nogsteeds so 'n bietjie skeef, maar die hasie is te opgewonde om dit raak te sien. Hy leun oor die mandjie se rant om te sien hoe die wêreld lyk.

"Wat op aarde maak jy daarbo?" roep die eekhorinkies uit die bome se takke toe hulle die hasie in die lugballon sien.

"Ek reis om die wêreld in my lugballon wat ek self gemaak het!" roep die hasie trots. Die eekhorinkies kan sien dat die lugballon so 'n bietjie skeef na die een kant toe lê, maar hulle sê liever niks.

"Wat op aarde maak jy daaronder?" roep die groot arend toe die lugballon met die hasie in 'n ent onder hom deur die lug trek. Hy het hom amper lam geskrik vir die gedoente!

"Ek reis om die wêreld in my lugballon wat ek self gemaak het!" roep die hasie trots. Die arend kan sien dat die lugballon so 'n bietjie skeef na die een kant toe lê, maar ook hy sê liever niks.

En raai? Omdat die lugballon so 'n bietjie skeef sweef, sweef dit nie regtig om die wêreld nie, maar net om en om die bome! Die eekhorinkies in die takke sien hoe die hasie drie-en-'n-half keer by hulle verbysweef in sy lugballon, maar hulle sê liever niks. Die arend daar hoog in die lug kan sien hoe die hasie drie-en-'n-half keer daar onder hom verbysweef in die lugballon, maar ook hy sê liever niks.

Toe die lugballon vir 'n vierde keer om die bome se takke sweef, kom 'n swerm voëls verby.

"En waarheen is julle op pad?" roep die hasie. Hy is nou al goed verveeld daar in die lugballon.

"Ons vlieg rondom die wêreld na wonderlike plekke," roep die voëls. "Wil jy saam kom?"

"Nee wat," roep die hasie terug. "Ek was klaar om die wêreld, en al wat ek gesien het was drie groepe eekhorinkies, en drie arende. Ek dink ek gaan nou huis toe."

En dis presies wat hy gedoen het. Die hasie het die lugballon onder 'n boom gelos, en nooit weer daarin geklim nie. Hy was bly dat hy die wêreld kon sien, maar daar was toe nie regtig so baie om te sien nie.

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Die avonture van Lekkerbekkie Muis op DVD!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Hierdie week is ons Lekkerbekkie Muis DVD met Afrikaanse stories vir 2-5 jariges op 'n spesiale aanbieding indien jy dit deur een van ons agente bestel! Koop die DVD met 8 episodes @ R100, en ons gee vir jou die inkleurboekie GRATIS! Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area.



Afrikaanse DVD vir 2-5 jariges

Ontmoet vir Lekkerbekkie Muis en sy maats...
Agt Afrikaanse stories op DVD vir 2-5 jariges!

SPEZIALE AANBOD:
Koop DVD @ R100 en kry die inkleurboekie GRATIS!
(Waarde R30)


Aanbod geldig tot 14 Julie - Slegs deur Anna Emm agente!

Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Die hasie in die lugballon illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za